# Ekumenisiteit as ’n Skrifgefundeerde raamwerk vir kerklike eenheid – ook op die gebied van sendingwerk[1]

C.J. Smit
Navorsingsgenoot
Skool vir Kerkwetenskappe
Potchefstroomkampus
Noordwes-Universiteit
POTCHEFSTROOM
E-pos: neelssmit@lantic.net

### Abstract

### Ecumenicism as a Scripturally-founded framework for ecclesiastical unity – also in missionary work

*In this article the foundations of a Scripturally-based ecumenicism utilised as a framework within which the dilemma of church division, also in missionary work, can be approached are investigated. The article identifies these foundations as the attributa ecclesiae (the core characteristics of the church), namely unity, catholicity, apostolicity and holiness. The conclusion arrived at is that the purpose of ecumenicism is the unity of the church, because of the catholicity of the church, based on the apostolicity of the church and aimed at the holiness of the church. Within this framework, missionary work should rather focus on cooperation than on emphasising ecclesiastical differences. The concluding issue concerns the boundaries of ecclesiastical cooperation, also in missionary work. Is it possible that different churches within the Reformed tradition can cooperate in missionary fields? Is it furthermore possible that the boundaries can be extended to encompass more than the approach of the Reformed tradition? In which way can churches from the Reformed tradition also cooperate with, for instance, churches from the Lutheran tradition, or with churches from the charismatic or even Roman Catholic*

---

1 Uitbreiding van ’n voordrag wat gelewer is op 18 Maart 2005 by die konferensie oor “Global Mission” in die Gereformeerde Kerk Rietvallei, Pretoria.

*traditions? The conclusions arrived at point to the notae ecclesiae (the core marks of the church) as the widest boundary for ecclesiastical cooperation. This approach accommodates the diversity of culture and ethos within the boundaries of the core marks of the church which determine what the church should be like in order to be church of the Lord. In the currently rising ecumenical phase of the history of Christianity the emphasis will increasingly fall on unifying rather than on dividing aspects of the church. The conclusion indicates that the unity of the church, also in missionary work, can only be attained and maintained within the framework of the core characteristics of the church (the attributa ecclesiae) – and that ecumenicism is no longer possible if a church is not recognisable as church of Christ and does not function within the core marks set for the church (the notae ecclesiae).*

## Opsomming

## Ekumenisiteit as 'n Skrifgefundeerde raamwerk vir kerklike eenheid – ook op die gebied van sendingwerk

*In hierdie artikel word die grondslae van 'n Skrifgefundeerde ekumenisiteit wat dien as 'n raamwerk waarbinne die dilemma van kerkverskeurdheid, ook ten opsigte van sendingwerk, benader kan word, nagegaan Hierdie grondslae word aangedui as die attributa ecclesiae (die wesenseienskappe van die kerk), naamlik eenheid, katolisiteit, apostolisiteit en heiligheid. Die gevolgtrekking word gemaak dat die doel van ekumenisiteit die eenheid van die kerk is, vanweë die katolisiteit van die kerk, gegrond in die apostolisiteit van die kerk en gerig op die heiligheid van die kerk. Binne hierdie raamwerk kan in die sending eerder gefokus word op samewerking as op die beklemtoning van kerklike verskille. Die daaropvolgende probleem wat ondersoek word, is waar die grense van kerklike samewerking, ook in sendingaktiwiteite, lê. Is dit moontlik dat verskillende kerkgemeenskappe binne die reformatoriese tradisie kan saamwerk in die sendingveld? Is dit ook moontlik dat die begrensing wyer as die reformatoriese tradisie en benaderingswyse kan strek? Op watter wyse kan reformatoriese kerke ook saamwerk met kerke uit die Lutherse tradisie – of selfs met kerke uit die charismatiese of Rooms-Katolieke tradisie? Die bevinding van die ondersoek dui op die notae ecclesiae (die merktekens van die kerk) as die verste grens vir kerklike samewerking. Dié benadering maak voorsiening vir die behoud van die diversiteit in kultuur en etos binne die begrensing van die merktekens van die kerk wat bepaal hoe die kerk behoort te wees om kerk van die Here te wees. In die opkomende ekumeniese fase van die geskiedenis van die Christendom sal die klem toenemend op verenigende*

*eerder as op verdelende aspekte val. Die slotsom van die artikel is dat die eenheid van die kerk, ook in sendingwerk, slegs verkry en behou kan word binne die raamwerk van die wesenseienskappe van die kerk (die attributa ecclesiae) – en dat ekumenisiteit nie moontlik is waar 'n kerk nie meer herkenbaar is aan die merktekens (die notae ecclesiae) as die kerk van Christus nie.*

## 1. Inleiding

Die doel van die artikel is om die grondslae en aard van hedendaagse ekumenisiteit te ondersoek en dit in die huidige benadering tot sendingwerk te omlyn as 'n breë raamwerk waarbinne antwoorde vir die dilemma van kerkverskeurdheid op die gebied van sendingwerk gevind kan word. Dit val egter buite die skopus van die artikel om gedetailleerde antwoorde te bied oor die "hoe" van die implementering van ekumenisiteit in die verskillende probleemareas, ook in dié van die sendingpraktyk.

Duidelike perspektiewe op die *doel* van ekumenisiteit, die *moontlikheid* (en *bemoontliking)* daarvan, die *begronding* daarvan en die *gerigtheid* daarvan, is noodsaaklik om ekumenisiteit as 'n raamwerk vir hedendaagse sendingaksies te beoordeel. Waar sendingwerk gedoen is sonder om die grondslae en die aard van ekumenisiteit in ag te neem is die wêreldwye, katolieke kerk van Jesus Christus verskraal tot die kerkbelewenis van 'n bepaalde denominasie, wat die rede vir sy voortbestaan in 'n sendinggebied dikwels in selfhandhawing téén ander kerkgemeenskappe vind – ongeag die gevolge vir die koninkryk van God (vgl. Bavinck, 1960:100 e.v.; Bosch, 1990:5 e.v.). Dié benadering hou in dat spesifieke praktyke en sienings, asook die kultuur van die sendende kerk, in die "sendingkerk" gevestig word. Hierdie praktyke, sienings en kultuur is nie noodwendig afgestem op die werklike essensie van die geloof in Jesus Christus, die Seun van God, wat gekom het vir die verlossing van mense nie. Die oorplanting van 'n bepaalde kultuur, geskiedenis, kerklike etos, voorkeure vir bepaalde beklemtonings van die belydenis, ensovoort, lei enersyds onvermydelik daartoe dat die verskeurdheid van die kerk onder nuwe gelowiges gevestig word, en andersyds dat die ideaal van en opdrag tot ekumenisiteit verydel word (vgl. Bavinck,1960:202, 203).

Waar sending- (evangelisasie-)werk in die gebied van die sendende kerk plaasvind, vind 'n inkorporering in die sendende kerk plaas – en is die praktyk nie dié van oorplanting van die eie kerklike etos nie, maar dié van inlywing in daardie kerklike etos. Dié probleem

bestaan in byvoorbeeld groot dele van Afrika en die Ooste waarheen sendelinge gestuur word en waar kerkplanting gevolglik in 'n ander kultuur plaasvind.

Hierdie artikel wil daarop wys dat die Skriftuurlike grondslae, die aard van ekumenisiteit en die onderhouding van die idee van ekumenisiteit in die sendingpraktyk 'n noodsaaklike raamwerk kan bied vir die behoud van kerkeenheid op die terrein van sendingwerk.

## 2. Die term ekumenisiteit

Om 'n ekumeniese benadering tot sendingwerk te omlyn, moet van die betekenis van ekumenisiteit uitgegaan word. Die Griekse woord *oikoumené* dui op die begrip *bewoonde aarde* (Matt. 24:14; Luk. 4:5; 21:26; Op. 3:10, ens.). Hiervolgens het die term *ekumene* allereers die betekenis van "betrekking hê op die hele bewoonde aarde", of, "verteenwoordigend wees van die hele bewoonde aarde". Mettertyd is die oorspronklike geografiese inhoud van die begrip uitgebrei, deurdat dit met 'n kulturele en politieke inhoud gevul is, veral ten opsigte van die hellenistiese kultuurwêreld. In die tyd van die Nuwe Testament is die begrip toegespits op die Romeinse Imperium, in teenstelling met die onbeskaafde wêreld (Nijenhuis, 1959:3).

Jesus Christus het 'n volkome nuwe perspektief aan die konsep *oikoumené* gegee deur die gerigtheid op die wêreld van die Romeinse Ryk te verplaas na 'n gerigtheid op die toekomstige wêreld (Matt. 24:14; Heb. 2:5). Sodoende is die kerk as die beliggaming van dit wat blywend is, gekontrasteer met dit wat eie is aan die verbygaande wêreld. In die ou kerk het die term die betekenis verkry van "betrekking hê op", of, "verteenwoordigend wees van" die hele kerk in sy katolieke, universele verskyning. Ook waar kerklike konsilies as geldige verteenwoordiging van die hele kerk aanvaar is, het die begrip *ekumenisiteit* na vore gekom. Dié woord is vir die eerste keer in hierdie betekenis gebruik in 381 n.C. toe die Konsilie van Konstantinopel verwys het na die ekumeniese Sinode van Nicea wat in 325 n.C. gehou is. So is ook die Konsilies van Konstantinopel (381), Efese (431) en Chalcedon (451) as ekumenies beskou, omdat hulle histories as verteenwoordigend van die universele kerk geag is (Bronkhorst, 1960:243; Nijenhuis, 1959:3; Goosen, 1993:10).

Mettertyd is die term *ekumenisiteit* gebruik om die wêreldwye geloofsverhoudings van individuele gelowiges en kerkgemeenskappe oor die grense van denominasies en lande aan te dui. In die negentiende en twintigste eeu word gepraat van die "ekumeniese

sendingopdrag" in die betekenis van die wêreldwye sendingopdrag van die kerk. Tegelyk slaan die betekenis van ekumenisiteit ook op aktiwiteite wat die wêreldwye "saambehoort" van die kerk van Christus tot uitdrukking wil bring. In 1929 word sowel die Duitse as die Franse benaming van die "Universal Christian Council for Life and Work" verander na "Oekumenischer Rat" (*Conseil Oecuménique*). Sedert die Oxford Beraad in 1937 is hierdie term ook in die Engelse wêreld geyk. Samevattend kan gesê word dat in die term *ekumenisiteit* ook 'n geestelike houding verteenwoordig word, waardeur die dringende bewustheid van en die verlange na die eenheid van die kerk van Christus vergestalt moet word. So het die "ekumenise beweging" die wêreldwye proses geword van 'n groter uitdrukking van eenheid en samewerking onder alle Christene (Bronkhorst, 1960:243; Nijenhuis, 1959:3; Goosen, 1993; 1993:11). Pelser (1976:344) laat hom byvoorbeeld só uit oor die ekumene:

> Die ekumene is die arbeidsveld van die kerk; dis die ruimte waarin die kerk lewe, waarin hy die koningskap van Christus proklameer en wat hy opeis vir Hom wat in Hebr. 1:6 die eersgeborene van die *oikumené* genoem word.

## 3. Grondmotiewe van ekumenisiteit

Die primêre doel van die sending is nie om "siele te red" of om "kerke te plant" nie. Schalekamp (2005:29-32, 252-254, 469) stel dit in sy proefskrif dat die kerk in die eerste en in die laaste plek in sy totaliteit aan die *Missio Dei* diensbaar moet wees. Hierdie konsep hou in dat die kerk die liggaam van Christus in die wêreld verteenwoordig en homself as sodanig aan die wêreld moet toon, as die onbeperkte verskyning van God in die wêreld. Schalekamp kom tot die gevolgtrekking dat die kerk slegs deur die *Missio Dei* kan wees wat hy is, naamlik één, heilige, katolieke en apostoliese kerk in die wêreld. Sodoende kan die kerk sy missionêre (en ekumeniese) roeping vervul "as 'n verenigende, transformerende, versoenende en verkondigende krag in die wêreld" (Schalekamp, 2005:154).

Die vyftigerjare van die vorige eeu was die dekade van die "Bybelse teologie" én ook die dekade van die konsep van *Missio Dei*. Volgens die toenmalige beskouing van *Missio Dei* word sending in die wêreld verwesenlik deur die drie-enige God wat eers sy profete gestuur het, toe sy Seun, daarna sy Gees en nou sy kerk. Veral sedert die vereniging van die World Council of Churches en die International Mission Council in New Delhi (1961) is nuwe konsepte vir ekumenisiteit ontwikkel, wat beduidend beïnvloed is deur die apostolaatsteologie van J.C. Hoekendijk. 'n Nuwere eensydige

uitvloeisel van hierdie nuwe konsepte hou die beklemtoning in dat die kerk en die heilsgeskiedenis nie meer die sentrale plek moet ontvang nie, maar die wêreld en dus ook die wêreldgeskiedenis (Saayman, 1980:3). So is die konsep van *Missio Dei* met ’n nuwe inhoud gevul: “Missio Dei concerned God’s offer of shalom to the whole creation, and was by no means to be domesticated in the Church*”* (Newbigin, 1976-1977:260, 261).

Die tafel was gedek vir die betekenis van die kosmiese koningskap van Christus vir die roeping tot kerklike eenheid. Hierdie idee is oorspronklik deur Sittler vanuit Kolossense 1:15-20 ontwikkel, waar hy veral die verhouding tussen Christus en die ses keer herhaalde *ta panta* (alle dinge) beklemtoon (Saayman, 1980:4). Sedertdien het die klem ook in die gereformeerde beskouing ten opsigte van ekumenisiteit en sending toenemend op die kerk se betrokkenheid in die wêreld geval – veral vanuit die Skrifgegewens van die sendingopdrag (Matt. 28:19; Hand. 1:8) en Christus se Hoëpriester-like gebed om die behoud van die eenheid van sy kerk (Joh. 17:11b, 21-23). Die beklemtoning van die wêreld as die sentrale fokus van Christus se werksaamheid, waartoe Hy sy kerk oproep, weerspieël ’n sterk verlange na dit wat vir die wêreld moontlik is, maar nie seker is nie. Hoop vir die wêreld bestaan slegs in en deur Christus. Trouens, die Christelike verkondiging is die sin van die geskiedenis, omdat God tot die wêreld deur Christus gespreek het (Margull, 1963:157, 158, 180-204).

Met die uitgangspunt van die kosmiese koningskap van Christus, val die klem tegelykertyd op die eenheid van die kerk in sy verskeidenheid (as deel van die kosmiese werklikheid), waarop byvoorbeeld Efesiërs 2:11-22 dui. Mense uit verkillende kulture en samelewingsverbande word in die kerk tot ’n nuwe eenheid in Christus verenig. Eintlik word Christus en sy kerk op aarde één – hierdie vertikaal gerigte eenheid skep noodwendig op die horisontale vlak ook ’n wêreldwye eenheid in die kerk van die Here. Die aard van hierdie eenheid is ’n geheimenis, maar tog bly dit nie ’n totale verborgenheid nie. Die *eenheid* kom tot uitdrukking deur die *katolisiteit*, die *apostolisiteit* en die *heiligheid* van die kerk (vgl. Schalekamp, 2005:100, 106).

Die genoemde wesenseienskappe van die kerk *(attributa ecclesiae)*, wat uiteindelik in die nouste sirkel afgestem word op die merktekens (die *notae ecclesiae*) van die kerk, rig die kerk nie slegs na binne nie, maar dit moet die grondmotiewe vorm van die kerk se gerigtheid op die wêreld. Sodoende moet die wesenseienskappe en merktekens van die kerk die raamwerk vir sy arbeid in die wêreld

uitmaak (vgl. Moltmann, 1977:341, 342). Moltmann (1977:342) verwoord hierdie oortuiging soos volg:

> We cannot therefore merely give the marks of the church bearings that tend in an inward direction, understanding them in the light of word and sacrament; we must to the same degree give them an outward direction and see them in reference to the world. They are not merely important for the internal activities of the church; they are even more important for the witness of the church's form in the world. The marks of the church will then become confessional signs in the conflicts which today are really splitting and dividing mankind. Let us therefore extend the ecclesiology of tradition, which is orientated towards unity, into an ecclesiology orientated towards conflict in the world situation of today.

In hierdie artikel word die wesenseienskappe van die kerk in die lig van die aanvanklike betekenis van die *Misio Dei,* as grondmotiewe van ekumenisiteit voorts ontgin.

### 3.1 Die *eenheid* en die *katolisiteit* van die kerk as grondmotiewe van ekumenisiteit

Die term *ekumenisiteit* omsluit die kerk se roeping tot universele eenheid – juis vanweë die katolisiteit van die kerk. Hierdie roeping kan gesien word as

- die bewaring en beskerming van kerkeenheid waar dit bestaan, ook oor landsgrense;
- samesprekings om kerkeenheid te herstel waar dit nie bestaan nie; en
- die roeping tot samewerking in soverre daar ooreenstemming is (vgl. Snyman, 1977:85).

Wesenlik is die kerk een, en tog is dit ook geroep om één te word. Selfs in die Nuwe Testament kom die verskeurdheid van die kerk na vore (vgl. 1 Kor. 1:10-13). Paulus kontrasteer die kerkverskeurdheid deur op Christus te wys: "Is Christus dan in stukke verdeel?" (1 Kor. 1:13; vgl. Calvyn, *Inst.*1V, 13.14; vgl Calvyn, 1992)). Die direkte verband wat dié vraag tussen die eenheid van die kerk en Christus lê, dui daarop dat die eenheid van die kerk ten diepste gesetel is in sy trinitariese oorsprong, die Vader, Seun en Heilige Gees (vgl. Joh. 17:11b, 21-23) – soos die uniekheid van oud-Israel ten diepste in die uniekheid van Jahwe geleë was. Analoog met die verskeuring van

die beeltenis van God in die mens na die sondeval, moet 'n mens die verskeurdheid van die kerk op aarde vanweë die sonde sien.

Tradisioneel het die weë tussen die reformatoriese kerke en die Rooms Katolieke Kerk oor die leerstukke van die eenheid en die katolisiteit van die kerk deur die eeue uiteen gegaan. Die Roomse beskouing van kerkeenheid en katolisiteit is onvermydelik deur die Roomse kerkbegrip bepaal: die eenheid en die katolisiteit van die kerk het sigbaar in die één Roomse kerkstruktuur tot uiting gekom – van die moontlikheid van 'n "onsigbare" kerk, wyer as die Roomse kerkinstituut, was daar nie sprake nie. Die uitspraak van die kerkvader Cyprianus, *quia salus extra ecclesiam non est,* dat daar buite die kerk geen saligheid moontlik is nie (Van Oort, 1990:87), is in die Roomse kerkbeskouing slegs op die Roomse Kerk van toepassing gemaak. Derhalwe is die gereddenes as Gods volk slegs deur dié een heilsinstituut omvat. Die eenheid en die katolisiteit van die kerk is slegs binne hierdie een kerkstruktuur van toepassing gemaak (vgl. Erler, 1983:120 e.v.; Mörsdorf, 1964:10). Die Tweede Vatikaanse Konsilie (1962-1965) het egter 'n versigtige verandering aan dié tradisionele beskouing aangebring, deur die reformatoriese kerke in die kring van "broederskap" te betrek. Sodoende is die Roomse leerstukke van die eenheid en die katolisiteit van die kerk *de facto* in 'n ekumeniese sin verwyd (Bosch, 1992:461).

Die reformatoriese beskouings oor die eenheid en die katolisiteit van die kerk is uiteraard sterk bepaal deur Calvyn se visie van kerkeenheid. Calvyn (1972:21-24) gaan van die onlosmaaklike band van die eenheid en die katolisiteit van die kerk uit as hy skerp wys op die onhoudbaarheid van die verskeurdheid van die kerk:

> Die kerk word daarom katolieke of algemene kerk genoem omdat daar nie twee of drie kerke kan bestaan sonder dat Christus verskeur word nie – en dit kan tog nie gebeur nie! … Hoewel die droewige verwoesting waarvoor ons oral te staan kom, dus uitroep dat daar niks meer van die kerk oor is nie, weet ons dat Christus se sterwe vrug dra en dat God sy kerk wonderbaarlik bewaar asof dit in 'n skuilplek is.

Calvyn sê dat daar niks méér vreemds aan die Christelike geloof is as dat een gelowige homself van ander gelowiges afskei "en derhalwe die middelpunt van die Christelike geloof aanval en verlaat" (Calvyn, 1972:21-24; vgl. Calvyn, *Inst.* IV.1.2; IV.1.10; IV.1.15; IV.1.18; IV.1.19; vgl. Calvyn, 1992). Hierdie uitgangspunt van Calvyn moet as die grondslag van al sy ekumeniese handelinge gesien word (Nijenhuis, 1959:277).

Berkouwer (1976:43, 77) voer aan dat die meervoudige-“kerke”-begrip ewe ondenkbaar is as die meervoudige konsep “volke van God” in die Ou Testament. Tog staan ons voor die onvermydelike “nog nie” van die sondeverskeurde werklikheid waarin kerkeenheid reeds kragtens die wese van die kerk teenwoordig is, maar “nog nie” ten volle nie (vgl. Berkouwer, 1976:40).

Die kerk moet as die een kerk van Jesus Christus in die wêreld gesien kan word. Ekumenisiteit is ’n Skriftuurlike wyse waarop die kerk sy eenheid én katolisiteit moet vergestalt. *Katolisiteit* is, sóós *eenheid*, *apostolisiteit* en *heiligheid*, een van die wesenseienskappe van die kerk. Hiersonder kan die kerk nie kerk wees nie. Die wesenseienskappe van die kerk is integraal met mekaar verweef. In ekumenisiteit gaan dit om die eenheid van die kerk, en die eenheid van die kerk is slegs moontlik vanweë die inherente katolisiteit van die kerk: Küng (1971:303) sê in hierdie verband: “If the church is one, it must be universal, if it is universal it must be one. Unity and catholicity are two interwoven dimensions of one and the same Church.”

Die kerk is nie katoliek omdat dit oor die aarde versprei is nie. Die kerk is ook nie katoliek omdat dit in magtige getalle beliggaam word nie. Die kerk was alreeds katoliek die dag van die uitstorting van die Heilige Gees, toe al die lede daarvan in ’n kleinerige kamer geakkommodeer kon word. Katolisiteit het fundamenteel nie met aardrykskunde of statistieke te make nie (Bosch, 1992:464; vgl. Heyns, 1977:138). In sy algehele wese is die kerk katoliek, dit wil sê universeel en algemeen gerig. Soos die eenheid van die kerk, rus sy katolisiteit in die één universele Here as sy Hoof. Enersyds is die kerk katoliek omdat dit die liggaam van Christus is wat universeel as nuwe skepping bestaan. Andersyds is die kerk ook katoliek omdat dit steeds groei – “vanuit die Hoof en na die Hoof toe – tot die volle grootte van Christus” (Ef. 4:13-16; vgl. Du Plooy, 1982:162, 163). Die kerk moet steeds meer en meer deur die werking van die Woord en Gees word wat dit in sy Hoof is: die wêreldwye, één liggaam van Christus.

Die kerk se katolisiteit veronderstel en bemoontlik sy sendingtaak – nie as ’n opsionaliteit nie, maar as ’n Skrifopdrag waardeur die kerk as die organiese liggaam van Jesus Christus op aarde sigbaar word (vgl. Pelser, 1976:224, 225; Heyns, 1977:138). In die kerk se katolisiteit gaan dit derhalwe om die inherente moontlikheid en bemoontliking om die reg van God oor die hele wêreld en vir al die nasies uit te roep. Tegelyk is die ekumene die metode om die kerk se eenheid vanweë sy katolisiteit sigbaar te vergestalt as die

"bewoonde wêreld van Jesus Christus" (vgl. Grosheide, 1954:362; Pelser, 1976:344).

Die begrippe *ekumenisiteit* en *katolisiteit* impliseer dus dat daar geen grense vir kerkgemeenskap *binne die raamwerk van die wese van die kerk* is nie. Kerkgemeenskappe behoort dus wêreldwyd met mekaar in gemeenskap te verkeer. Soos die evangelie in die ekumene verkondig word – om van die hele wêreld 'n "Christus-bewoonde wêreld" te maak – groei die een kerk uit die ander, totdat die evangelie by al die nasies ingeslaan het. Elke kerk wat op dié wyse ontstaan, is weliswaar selfstandig, maar behou die band met die kerk deur wie dit ontstaan het, sodat alle kerke aan mekaar verbonde bly. Die Skrif gee dié gedagte duidelik weer, byvoorbeeld:

> Het die Woord van God miskien van julle af uitgegaan? Of het dit julle alleen bereik? (1 Kor. 14:36).
>
> Hulle het dit self ook so besluit, en hulle is dit buitendien ook verskuldig, want as die gelowiges uit die Jode hulle geestelike rykdom met die heidennasies gedeel het, is die gelowiges uit die heidene dit aan die gelowiges uit die Jode verskuldig om hulle met stoflike hulp by te staan (Rom. 15:27).

Uit albei tekste blyk dit dat wanneer een kerk uit 'n ander ontstaan, die aksent dat die verkondiging van die evangelie 'n blywende band en verpligting tot gemeenskapsbeoefening tussen dié kerke daarstel. In 1 Korintiërs 14:36 herinner Paulus dié kerk dat een kerk ook van 'n ander kerk moet leer en nie in isolasie moet bestaan asof hulle alleen kerk van Christus is nie. Deur die Woord wat na sulke kerke gekom het, het 'n onbreekbare band tot stand gekom tussen hulle en ander kerke wat reeds die Woord ontvang het (Pop, 1965:341). Oor Romeine 15:27 sê Ridderbos (1959:337) dat die heidene wat tot die kerk toegevoeg word, die ontvangers van geestelike gawes is. Op grond van hierdie ingelyf word in die kerk, het die heidene ook die verpligting om hul materiële goedere ter wille van die ander aan te wend.

Oor Romeine 15:27 sê Ridderbos (1959:337) dat die heidene die ontvangers van geestelike gawes is – wat weer op hulle die verpligting van gemeenskap ten opsigte van materiële goedere lê.

Op grond van die voorafgaande uiteensetting blyk die verweefdheid van ekumenisiteit, kerkeenheid en katolisiteit onteenseglik. Tog blyk dit uit die oordeel van Karl Barth (1945:785) en andere dat daar wel 'n onderskeid gemaak moet word: katolisiteit moet gesien word as die wyer, omvattende begrip wat dui op die eenheid waarbinne die

kerk funksioneer. Ekumenisiteit weer is die enger begrip en dui op die wyse waarop die kerk wêreldwyd sy eenheid vergestalt. Berkhof (1962:108, 109) tref 'n soortgelyke onderskeiding wat daarop neerkom dat katolisiteit meer met die vertikale dimensie te make het, terwyl ekumenisiteit meer dui op die horisontale bestaanswyse van die kerk. Ekumenisiteit maak die horisontale saamkom van kerkgemeenskappe sigbaar in die eenheid van gemeenskaplike diens. Sowel die vertikale as die horisontale dimensie is onlosmaaklik deel van die wese van die kerk.

Uit die voorafgaande beredenering kan gekonkludeer word dat ekumenisiteit na sy ware aard alles te make het met die twee wesenseienskappe van die kerk, sy eenheid en sy katolisiteit. Sonder ekumenisiteit kan die wêreldwye eenheid van die kerk nie sigbaar verwerklik word nie; trouens, sonder ekumenisiteit word die katolisiteit van die kerk 'n dormante eienskap. Ekumenisiteit is dus nie 'n doel op sigself nie, maar 'n middel waardeur die doel van kerkeenheid – op grond van die katolisiteit van die kerk – nagestreef moet word. Hierdie voorwaarde hou in dat die ekumeniese strewe moet uitgaan vanuit die geopenbaarde waarheid van God en dat die ekumeniese arbeid gedra moet word deur die roeping van die kerk om tot volkomenheid in Christus te groei (Ef. 4:13; vgl. Pelser, 1976:348, 349).

### 3.2. Die *apostolisiteit* en die *heiligheid* van die kerk as grondmotiewe van ekumenisiteit

Ekumenisiteit het ten diepste te make met die apostolisiteit en die heiligheid van die kerk. Hoewel die apostolisiteit en die heiligheid van die kerk vir die doel van hierdie artikel oorsigtelik behandel word, is hierdie twee wesenseienskappe van die kerk nie in 'n mindere mate ingebed in die begrip ekumenisiteit nie. Enersyds is ekumenisiteit 'n sigbare uitdrukking ook van hierdie twee wesenseienskappe van die kerk, andersyds bied hierdie twee wesenseienskappe respektiewelik die *begronding van* en die *gerigtheid vir* 'n Skrifbegronde ekumenisiteit.

Vanweë die fundamentele verskille tussen die Rooms-Katolieke en die reformatoriese tradisies oor die apostolisiteit van die kerk, skei die weë oor ekumenisiteit juis op hierdie punt. Volgens die reformatoriese tradisie is die kerk se apostolisiteit nie 'n beliggaming van die *successio locorum et personarum* nie: nie die opvolging van plekke en persone nie, maar die navolging van die *doctrina apostolorum*, die leer van die apostels (Balke, 1990:280). Met die apostolisiteit van die kerk word 'n historiese verbintenis tussen die

kerk en die apostels gelê. Hierdie verband word daargestel deur die boodskap en die taak van die kerk te begrond in die besondere en onherhaalbare arbeid van die apostels (Heyns, 1977:147). In die apostolisiteit van die kerk gaan dit dus om die onderwerping aan die gesag van die Heilige Skrif: die apostoliese leer moet oorgedra word. Dit gaan om die *successio doctrinae*, die opvolging van die leer wat deur die kerk gepreek word. Die kerk is in sy apostolisiteit gewortel, daarom berus die begronding van ekumenisiteit juis ook op hierdie wesenseienskap (vgl. Balke, 1990:280). Op dié wyse is die kerk die pyler en grondslag van die waarheid. In die kerk word die ware kennis van God bewaar by wyse van die *doctrina Christi*, die leer van Christus. Skrifbegronde ekumenisiteit kan dus slegs op grond van hierdie waarheid beoefen word. Tog moet die apostolisiteit van die kerk nie beleef word as 'n beperking op ekumenisiteit nie. Die kerk kan gewoon nie sonder sy leer bestaan nie. Waar die apostolisiteit van die kerk, sy begronding in die leer van die apostels, verskraal – word die kerk toenemend 'n sosiale liggaam wat bloot aan sosiaal-maatskaplike behoeftes probeer voldoen, of 'n druk-implement wat slegs daarop toegespits is om die historiese gang van sake te probeer beïnvloed.

Ekumenisiteit is op 'n besondere wyse ook 'n uitdrukking van die heiligheid van die kerk. Op sigwaarde kan ekumenisiteit en heiligheid as botsende eienskappe gesien word. Per definisie beteken ekumenisiteit "handreiking oor grense heen", terwyl heiligheid per definisie "afsondering" beteken. Die raakpunt lê egter in die vraag: "Deur Wie, vir Wie en tot Wie?" Ten diepste is ekumenisiteit 'n "handreiking oor grense vir Christus" en die heiligheid van die kerk is eweneens 'n "afsondering vir Christus". Die kernraakpunt tussen ekumenisiteit en die heiligheid van die kerk lê dus in Christus, die Hoof van die een, wêreldwye kerk.

Die heiligheid van die kerk impliseer nie 'n sondelose toestand nie, ook nie 'n selfwerksaamheid om hierdie toestand te bereik nie, maar dui op die heiliging van God se kinders – 'n proses wat op 'n lewende verhouding met Hom uitloop. Vanweë dié verhouding, aangedryf deur die Heilige Gees, hou die heiligheid van die kerk nie wêreldmyding in nie, maar juis wêreldwyding. In die ekumene is die heiligheid van die kerk 'n onmisbare vergestalting van die kerk se wêreldwye "afsondering vir Christus". Ekumenisiteit is dus 'n "handreiking vir Christus" juis terwille van die kerk se wêreldwye "afsondering vir Christus". So gesien is ekumenisiteit ook die formulering van die werk van die Heilige Gees oor kerklike grense terwille van wat die kerk nie self kan vermag nie, maar wat deur die

Gees in die kerk vermag word: die heiliging van God se uitverkore kinders as sy liggaam op aarde (vgl. Balke, 1990:269). Op grond van hierdie aanname blyk dit dat die apostolisiteit van die kerk die verwerkliking van die kerk se heiligheid inhou, of, anders gesê, dat die kerk sy heiligheid in die uitlewing van sy apostolisiteit bewaar (vgl. Balke, 1990:281).

Oor die verwerkliking van die heiligheid van die kerk in die gemeenskap van die heiliges, ook in ekumeniese sin, sê Pop (1965:12) in sy verklaring van 1 Korintiërs 1:2 die volgende:

> De aanroeping van de naam verbindt allen die geloven met elkaar. De gemeente in Corinthe is daarom per definisie opgenomen in de eenheid van alle christene. Wat zij daarvan subjektief beleeft, ervaart en realiseert, is secundair ten opzichte van het heilsfeit, dat zij van Godswege in deze eenheid en verbondenheid gesteld is en daarom slechts bestaan kan in die eenheid en verbondenheid. De beleving en verwerkelijking ervan zijn uiteraard niet onbelangrijk; zelfs staat zij voortdurend onder de vermaning, die verbondenheid steeds meer waar te laten zijn.

Opsommend kan oor ekumenisiteit met betrekking tot die wesenseienskappe van die kerk die volgende tipering gegee word: ekumenisiteit se *doel* is die eenheid van die kerk, *vanweë* die katolisiteit van die kerk, *gegrond* in die apostolisiteit van die kerk en *gerig* op die heiligheid van die kerk.

## 4. Ekumenisiteit se begrensing lê in die *notae ecclesiae*

Die vraag is of die wesenseienskappe van die kerk (*attributa ecclesiae*) tegelyk die begrensing van ekumenisiteit inhou. Die begrensing van ekumenisiteit moet myns insiens in ’n reële *grens* tussen kerk en non-kerk, kerk en valse kerk, kerk en “wêreld” gevind word. Hierdie grens tussen wat as kerk van die Here beskou kan word en dit wat nie meer as kerk geag kan word nie, lê in die saamtrekking van die wesenseienskappe as omlyning van die kerk. Hierdie saamtrekking vind plaas waar die *omlyning* van die kerk tot ’n enkele *lyn* (as grenslyn) van die kerk saamtrek, naamlik in die merktekens (*notae ecclesiae*) van die kerk.

Waar ekumenisiteit slegs binne die omlyning van die kerk kan funksioneer, met as doel die *eenheid* van die kerk, met as moontlikheid (en bemoontliking) die *katolisiteit* van die kerk, met as begronding die *apostolisiteit* van die kerk, en met as gerigtheid die *heiligheid* van die kerk, word die begrensing van ekumenisiteit deur

die kerk se grenslyne aangedui, te wete die *notae ecclesiae* (die merktekens van die kerk).

Van Genderen (1990:283) stel dat die kerk se eienskappe sê wát die kerk is, terwyl die kerk se merktekens sê wáár die kerk is. Heyns (1977:113 e.v.) formuleer dit ietwat anders, naamlik dat die merktekens *voorwaarde* is vir die kerk, en die eienskappe die *gevolge* van die kerk is. En indien die merktekens voorwaarde vir die kerk is, dan is dit ook voorwaarde vir die eienskappe van die kerk. Wat in elk geval uit albei die formulerings duidelik is, is dat die kerk nie kerk kan wees buite die grenslyne van sy merktekens en ook nie sonder die omlyning van sy eienskappe nie. Die eienskappe het met die aard en die funksionering van die kerk te make, terwyl dit in die merktekens gaan om die vraag waaraan die kerk geken en herken word.

Waar ekumenisiteit deurgetrek word na die inhoud en aksie van sendingwerk, kan dit ook slegs met die volgende begin: die proses van die eenheid van die kerk binne die begrensing van dit waaraan die kerk as kerk geken en herken word. Buite die begrensing wat deur die merktekens van die kerk gestel word, beweeg ’n mens op bloot sosiaal-maatskaplike terreine en het ekumenisiteit nie meer met die kerk as sodanig te make nie.

Die merktekens van die ware kerk word sedert die tyd van die Reformatore veral omskryf as *suiwer Woordverkondiging* en *suiwer sakramentsbediening*. Talle van Luther se uitsprake dui in ooreenstemming met die Augsburgse Belydenis daarop dat dit vir die egte eenheid van die kerk voldoende is as daar eensgesindheid oor die leer van die evangelie en die bediening van die sakramente is. (Dit beteken volgens Luther egter nie noodwendig eenvormigheid van die seremonies nie) (vgl. Ef. 4:4-6; Van Genderen, 1990:285).

Ook Calvyn stel die merktekens waaraan die kerk geken en herken kan word as die suiwer verkondiging van die Woord en die gebruik van die sakramente, volgens die instelling van Christus. Die suiwer Woordverkondiging en die suiwer sakramentsbediening is ’n pand en ’n waarborg dat die gemeenskap waarin albei teenwoordig is, aanvaar kan word as kerk van Christus (Calvyn, *Inst.* 1V.1.9; 1V.1.10; 1V.1.12; 1V.1.16). Die *suiwer toepassing van die tug*, as ’n derde kenmerk van die kerk, kom nie by Calvyn voor nie (Van Genderen, 1990:287, 288), al is daar enkele uitsprake van Calvyn wat in dié rigting dui. Weliswaar ag Calvyn die tug as ’n onmisbare hulpmiddel, ’n noodsaaklikheid vir die welstand van die kerk. Tug word beskou as nie noodsaaklik vir die *esse* (wese) van die kerk nie,

maar wel vir die *bene esse* (welwese) van die kerk (Plomp, 1969:127; Nijenhuis, 1959:278, 279).

Wel het Bucer, wat sonder twyfel 'n groot impak op Calvyn se teologie gehad het, die tug as die derde kenmerk van die kerk geag: "Waar Christus door zijn Woord en sacramenten en door zijn tucht het heil bedient, daar ontstaat de ware kerk en word zij zichtbaar" (Van't Spijker, 1970:252). Die realiteit van die kerk, die sigbaarwording van die *Gemeinschaft Christi* in hierdie wêreld kom volgens Bucer veral in die merkteken van die kerklike tug na vore (Van't Spijker, 1970:252,253; Plomp, 1969:45). Ook het navolgers en geesverwante van Calvyn, wat vir 'n aantal belydenisskrifte verantwoordelik was, die suiwer toepassing van die tug as een van die merktekens van die kerk gereken: die Skotse Belydenis (1560), waaraan die naam van John Knox gekoppel is, die Nederlandse Geloofsbelydenis (1561), wat deur Guido de Brés opgestel is en die Hongaarse Belydenis (1562), wat volgens die *Confessio Christianae fidei* van Theodorus Beza geredigeer is (Plomp, 1969:126). Nietemin, Calvyn het die tug wel van soveel belang geag dat, hoewel hy dit nie as 'n merkteken van die kerk beskou het nie, hy dit tog as 'n merkteken van die "welgeordende" kerk geag het. Soos die saligmakende leer van die kerk van Christus die siel van die kerk is, so is die tug die senuwees van die kerk (Calvyn, *Inst.* 1V.12.1; 1V. 12.4).

Uitgaande van genoemde belydenisskrifte kan die begrensing van ekumenisiteit gestel word as die drie merktekens van die ware kerk, die *suiwer Woordverkondiging*, die *suiwer sakramentsbediening* en die *suiwer toepassing van die kerklike tug* (vgl. NGB, art. 29). Waar hierdie merktekens nie voorkom nie, stuit die ekumene op sy uiterste grens, want dáár is nie meer werklik sprake van die kerk van Christus nie.

Teen die agtergrond van die *grondmotiewe* en die *begrensing* van ekumenisiteit, word ekumenisiteit voorts as 'n raamwerk vir die sending nagevors.

## 5. Ekumenisiteit in sending en sending in ekumenisiteit

Küng (1987:157) bestempel ons tyd, binne die loop van die geskiedenis van die Christendom, as 'n tyd van opkomende ekumenisiteit. Hy verdeel die hele geskiedenis van die Christendom in ses megaparadigmas:

- Die apokaliptiese paradigma van die primitiewe Christendom

- Die Hellinistiese paradigma van die Patristiese periode
- Die Middeleeuse Rooms-Katolieke paradigma
- Die Protestantse (Reformatoriese) paradigma
- Die moderne Verligtingsparadigma
- Die opkomende ekumeniese paradigma

Elkeen van hierdie ses periodes bied 'n bepaalde perspektief op die verstaan van Christelike sendingwerk in die geskiedenis van die kerk. Tans ervaar ons die sesde periode waarin sending sonder ekumenisiteit ondenkbaar geword het, en waar die omgekeerde – die ondenkbaarheid van ekumenisiteit sonder sending – ook toenemend waar word.

### 5.1 Die ekumeniese ideaal en sendingmotiewe

Die volgende vraag is relevant, naamlik of die hoofdoel van ekumenisiteit, die strewe na die eenheid van die kerk, deur die doelstellings van sendingwerk gekomplementeer word?

Bosch (1992:5), een van die leidende sendingwetenskaplikes gedurende die sewentiger- en tagtigerjare van die vorige eeu, wys op 'n aantal "natuurlike" maar "bedenklike" doelstellings van sendingwerk, ook in die resente geskiedenis van die kerk:

- Die absoluutheid en meerderwaardigheid van die Christelike geloof in vergelyking met ander.
- Die aanvaarbaarheid en aanpasbaarheid van die Christelike geloof vir alle mense en omstandighede.
- Die meerdere prestasies van die Christelike sending in sendinggebiede.
- Die feit dat die Christendom homself deur die eeue as die sterkste geloofsgroep bewys het.

Daar is egter ook ander "onsuiwer" motiewe wat in die uitvoering van die sendingopdrag 'n rol speel:

- Die imperialistiese motief – om inboorlinge onderdane van koloniale owerhede te maak.
- Die kulturele motief – sending as die oordrag van die sendeling se "meerderwaardige" kultuur.

- Die romantiese motief – die begeerte om ver weg te gaan werk onder eksotiese lande en volke.
- Die motief van kerklike kolonialisme – die drang om die eie belydenis en kerkorde na ander gebiede oor te dra.

Al hierdie bekende doelstellings van sendingwerk het nie die ekumeniese ideaal van die eenheid van die kerk gedien nie. Nietemin, in hierdie fase van die geskiedenis van die Christendom is die genoemde sendingmotiewe reeds lankal in ’n proses van herskrywing. Paulus het nooit kerke “geplant” as “sendingposte” of afhanklike organisasies nie. Sy eerste brief het hy aan die kerk van Tessalonika geskryf, ongeveer ‘n jaar nadat hy reeds daar weg was. Al het hy maar ongeveer vyf maande in Tessalonika gewerk, skryf hy nie aan ’n “sending”-pos nie, maar aan ’n kerk. Sy doel was nie om ’n bepaalde kultuur oor te plant, of om ’n tipe kerklike kolonialisme te vestig nie. Op geen stadium het Antiochië, die sendende kerk, enige gesag uitgeoefen, of enige meerderwaardigheid getoon teenoor die kerke van Efese, Korinte, Rome, of waar ook al nie. Van die eerste oomblik van kerkvestiging af was die “nuwe” kerke komplete kerke met die Woord en die sakramente – al wat hulle nodig gehad het om volledig kerk van Jesus Christus te wees. Die eenheid van die nuut gevormde kerke was ’n absolute gegewe. Daaroor was daar nooit ’n vraag nie. Sekerlik het die kerk van Efese in vergelyking met die kerk van Korinte in opset en gebruike verskil, maar hulle was onbetwisbaar een in geloof, soos Paulus te kenne gee:

> Lê julle daarop toe om die eenheid wat die Gees tussen julle gesmee het, te handhaaf deur in vrede met mekaar te lewe. Daar is net één liggaam en net één Gees, soos daar net één hoop is waartoe God julle geroep het. Daar is net één Here, één geloof, één doop, één God en Vader van almal: Hy wat oor almal is, deur almal werk en in almal woon (Ef. 4:3-5).

In Handelinge 15:2 kom skerp verskille in die kerke na vore. Hierdie verskille is opgelos deur die kerke saam te bring in wat bekend is as die eerste sinode, oftewel die eerste konvent. Die eenheid van die kerke is behou deur die algemene oortuiging dat “die Heilige Gees en ons … besluit het” (Hand. 15:28). Hier word ’n treffende voorbeeld van ware ekumenisiteit gegee. Die “nuwe” kerke en die “ouer” kerke het saam vergader om op ’n gelyke voet en op grond van dieselfde geloof oor die sake te besluit wat van belang was.

Sonder om “ware” motiewe vir sending te wil definieer en sodoende die gevaar te loop om God se ganse opdrag aan die kerk tot

subjektiewe voorkeure te verskraal, kan die volgende egter gestel word: Binne die groot motief van die *missio Dei (God se sending)*, oftewel God se selfopenbaring as die Een wat die wêreld liefhet, het die kerk die opdrag om God se betrokkenheid in en met die wêreld aan die wêreld bekend te maak – terwille van Hom en sy doel met die wêreld. Hierdie opdrag moet deur die kerk uitgevoer word enersyds binne die ekumeniese ideaal van die wêreldwye eenheid van die kerk en andersyds tot manifestering van hierdie eenheid.

## 5.2 Eenheid óór denominasionele grense

Calvyn het verbasende soepelheid gehandhaaf ten opsigte van eenheid óór denominasionele grense. Hiervan getuig sy bekende uitspraak in 'n brief aan Cranmer, naamlik dat hy bereid is om tien seë oor te steek ten behoewe van die eenheid van die kerk. Hy het kennelik ook minder provinsiaal en partikularisties oor kerklike gebruike gedink en gehandel as ander reformatoriese sentrums van daardie tyd. Nijenhuis (1959:224) oordeel dat hierdie soepelheid van Calvyn toe te skryf is aan die intense kontak wat hy met die baie vlugtelinggemeentes in Duitsland en Engeland gehad het, én aan sy wye briefwisseling met kerke in Pole, Boheme, Rusland, Hongarye, Nederland, Italië, Switserland, Frankryk en Engeland. Uit Calvyn se briewe aan koning Frans I en aan kardinaal Sadoletus blyk dat dit op grond van die *pura doctrina* (suiwer leer) is wat hy hom verbonde ag aan Zwingliane, Lutherane en Anglikane. Hierdie is juis die rede waarom hy homself van Rome afgeskei het. Die eenheid van die kerk is vir Calvyn volkome in Christus geleë. Hy toon dit ondermeer in sy brief aan Sadoletus wat hy met 'n lang gebed eindig, waarin hy hom bewoë op die Here van die kerk beroep:

> Ik heb altijd zowel met woorden als met daden betuigd door welk een liefde voor de eenheid ik bezield werd. Maar dat was voor mij de ware eenheid der kerk, die in U haar begin en einde had. Want zo dikwels Gij ons vrede en eendracht hebt geboden, hebt Gij ons tevens getoond dat Gij de enige band tot het bewaren dier eendracht zijt (Nijenhuis, 1959:233).

In sy droefheid omdat sommige kerkleiers bepaalde teologiese en kerkregtelike verskille soms tot lewensvraagstukke vir die kerk opgeblaas het, was hy bereid om insigte wat hom "zeer ter harte gingen, inzichten van theologische aard (de leer der predestinatie), van liturgische aard (de voorkeur voor sobere ceremoniën), of van kerkrechtelijke aard (de handhaving der tucht; de leer der ambten) buiten de discussie te houden om het grote doel, de gemeenschap aller evangelische kerken te bereiken" (Nijenhuis, 1959:219).

Rosenkranz (1977:167 e.v.) wys daarop dat die ekumeniese beweging onder Protestantse kerke die direkte gevolg was van wêreldwye betrokkenheid by sendingwerk vanaf die agtiende eeu. Lutherane, Calviniste en Anglikane in Duitsland, Skandinawië, Nederland en Brittanje het ’n nuwe eenheid onder Christene beleef. Hierdie nuwe eenheid het denominasionele verskille oorspan om kerke sodoende in ’n nuwe transdenominasionele sendingbeweging saam te snoer. Verskeie van die vroegste sendinggenootskappe was geheel en al nie- of transdenominasioneel. Tog het kerklike (konfessionele) verskille weer skerp na vore gekom vanaf die derde dekade van die negentiende eeu. Veral in China het die kerklike verskille in die sendingwerk sterk op die voorgrond gekom. Teen 1855 was daar ten minste twintig verskillende Protestantse sendinggenootskappe in China werksaam en in 1925 was daar ongeveer honderd en dertig (Rosenkranz, 1977:200 e.v.). In ’n poging om die toenemende kerklike verskille in die sendingveld teë te gaan, het die gedagte dat gebiede vir die doel van sendingwerk tussen sendende kerke verdeel word, reeds vroeg in die twintigste eeu ontstaan. Bavinck (1960:201 e.v.) was ’n sterk voorstander van hierdie gedagte. Hierdie “oplossing” het natuurlik slegs gewerk waar kerkgemeenskappe gewillig was om binne die begrensing van die *notae ecclesiae* hulle aanspraak op konfessionele absoluutheid te temper. (Die “oplossing” het egter nie gewerk in die geval van die Rooms-Katolieke en die Anglikaanse Kerk nie.) Bosch (1992:458) ag die doel lofwaardig, maar sien dit as suiwer pragmaties om kompetisie te voorkom en gesamentlike kerklike bronne beter te benut. Tog het hierdie pragmatiese doelstellings gelei tot ’n nuwe besef van die eenheid van die kerk, waaruit die groot wêreld-sendingkonferensies gebore is. Die belangrikste baken in hierdie verband was die Wêreldsendingkonferensie in Edenburgh wat in 1910 gehou is. Vanweë die pragmatiese benadering van hierdie konferensie, volgens Bosch (1992:458), is op ’n merkwaardige wyse daarin geslaag om denominasionele verskille in die sendingveld te oorkom. Die nuwe ekumenisiteit, toe reeds in embrio teenwoordig, is op kerkeenheid gerig wat gemotiveer is deur *omgee vir die wêreld* – teenoor die vorige benadering waarin ekumenisiteit grootliks gefundeer was op die (ontwykende) bereiking van konsensus in leerstellings, met ’n *ignorering van die wêreld* (Bosch, 1992:458, 459). As ’n direkte gevolg van die sendingkonferensie van Edinburgh het verskeie internasionale sendingrade ontstaan, wat in 1948 tot die stigting van die Wêreldraad van Kerke (WRK) gelei het. Die New Delhi-vergadering van die WRK in 1961 het die pad van die onskeidbaarheid van kerkeenheid en sendingwerk verder aangedui as ’n pad van ekumenisiteit in sending en sending in ekumenisiteit.

Opeenvolgende vergaderings van die WRK het hierdie rigting herbeklemtoon (vgl. Bosch, 1992:460):

- The purpose for which we are called to unity is 'that the world may believe'. A quest for unity which is not set in the context of Christ's promise to draw all people to himself would be false.
- Christian mission is the humble involvement of the one body of Christ in liberating and suffering love.
- To be called to unity in mission involves becoming a community that transcends in its life the barriers and brokenness in the world, and living as a sign of at-one-ment under the cross.

### 5.3 Erkenning van diversiteit binne die ekunemiese raamwerk

Sekerlik was die doelpunt van strukturele eenheid soos geïdealiseer deur die WRK tot 1983 in Vancouver, naamlik "in one faith and in one eucharistic fellowship" (Bosch, 1992:461), nie meer die realistiese verwagting van hedendaagse ekumenisiteit nie. Die nuwe benadering hou in dat samewerking in sendingvennootskappe nie noodwendig strukturele eenheid veronderstel nie. Volgens Bosch (1992:465) is ekumenisiteit, ondanks kerk- en leerverskille, in hierdie ontwikkelende benadering slegs moontlik waar gelowiges mekaar in Christus aanvaar. Hy dui aan dat die doelpunt van ekumenisiteit nie meer gemeenskap *(fellowship)* sonder enige konflik is nie, maar gemeenskap wat gekenmerk word deur eenheid in versoende diversiteit.

Daecke (aangehaal deur Bosch, 1992:465) sê dat die moderne paradigma 'n bepaalde keuse gesuggereer het: die keuse tussen *diversiteit sonder eenheid*, of *eenheid sonder diversiteit*. Die postmoderne paradigma, sê Daecke, is 'n manifestering van *eenheid wat diversiteit behou* en *diversiteit wat na eenheid strewe*. Diversiteit is nie bloot 'n rede vir leedwese nie, maar is deel van die stryd in die kerk om te word wat God dit wil laat wees. In die midde van al die diversiteit is daar 'n sentrum: Jesus Christus wat heerskappy in en oor sy kerk voer.

Ook van Rooms-Katolieke kant is daar al hoe meer erkenning van die kerk se diversiteit. Met die opening van die Tweede Vatikaanse Konsilie op 11 Oktober 1962 het pous Johannes XXIII verwys na wat na tweeduisend jaar onveranderd gebly het: Jesus Christus wat steeds die sentrum van die gemeenskap en van die lewe is. Juis

hierdie universele fondament, as die bepalende oriënteringspunt snoer die kerk in gemeenskaplike diens en eenheid van getuienis saam. Ware ekumenisiteit, die eenheid van die kerk in sendingwerk, is geen verlore saak solank die Woord van God geopen en gelees word nie, én solank die God van die Woord in en deur alle Christelike kerke geproklameer word (Bosch, 1992:465). Dit was juis die Tweede Vatikaanse Konsilie, wat – as waarskynlik sy grootste bydrae – 'n nuwe, meer soepel gesindheid teenoor nie-Roomse kerklikes ingeneem het en daarmee die historiese Rooms-Katolieke kerkbegrip radikaal wyer gedefinieer het. Waar Rooms-Katolieke dokumente voorheen na Protestante verwys het as "kinders van Satan", "ketters", en "skeurmakers", is Protestante daarna "afgeskeidenes", "afgeskeie broeders" en uiteindelik "broeders en susters in Christus" genoem (Bosch, 1992:461). Dit is juis hierdie nuwe benadering wat in die veelbesproke optredes van pous Paulus Johannes II oor meer as twee dekades wye weerklank gevind het en wat van hom 'n beduidende ekumeniese figuur in Rooms-Katolieke sin gemaak het.

In die "evangeliese" kerkgemeenskappe is daar in hierdie postmoderne tyd 'n vrywel lewendige evangelies-ekumeniese beweging wat in eie reg funksioneer: vanaf Wheaton in 1966, deur Berlyn in 1966, na Lousanne gedurende 1974, tot Manila in 1989. Die evangeliese klem op eenheid verskil opmerklik van die wêreldwye begrip van ekumenisiteit soos hierbo aangetoon. Die evangeliese benadering is om ekumenisiteit uitsluitlik spiritueel te beleef – as 'n eienskap van die *onsigbare* kerk. Waar van sigbare eenheid sprake is, gaan dit net om meer effektiewe evangelisasie en nie soseer om 'n onverhandelbare teologiese uitgangspunt nie. In hierdie benadering gaan dit om 'n bloot pragmatiese eenheid waarin gesamentlike beplanning, bemoediging en deel in bronne en ervarings van belang is en waarin die konsep van diversiteit binne die raamwerk van ekumenisiteit nie soseer teologies beoordeel word nie (Bosch, 1992:461).

### 5.4 Die ekumenise ideaal gerig op eenheid in sending en sending in eenheid

Die verlies van kerkeenheid is nie slegs 'n ergernis nie, dit is 'n sonde (vgl. Berkouwer, 1976:33, 34). Eenheid, en derhalwe ekumenisiteit in sendingwerk, is nie opsioneel nie. In Christus is dit reeds 'n gegewe, 'n feit. Tegelykertyd is dit vir die kerk 'n opdrag om een te wees soos die Vader, die Seun en die Gees één is (vgl. Joh. 17:11, 21-23). Ons mag nooit moeg word om te streef na die dag

wanneer Christene in elke plek mag vergader om die Een Brood en die Een Beker te deel nie (Bosch, 1992:467).

Sending in eenheid en eenheid in sending is onmoontlik sonder ’n duidelik gedefinieerde benadering van selfkritiek, spesifiek waar Christene met ander – medegelowiges of ongelowiges – te make het wat volgens menslike standaarde eintlik hulle vyande moes wees. Maar dit is waarvóór die kerk is, sê West (1971:270), om die diepste konflikte van die wêreld in homself op te neem en om albei groepe, weerskante van die konfliklyn, met vergewende, transformerende krag te behandel – ’n benaderingswyse wat hulle tot ’n nuwe gemeenskap hervorm met nuwe hoop en ’n nuwe roeping.

Bosch (1992:464) beoordeel die koördinering van sendingwerk en eenheid in die sendingwerk van soveel belang dat hy dit ondubbelsinnig as *ononderhandelbaar* ag: “It is not simply derived from the new world situation or from changed cicumstances, but from God’s gift of unity in the one Body of Christ.” In die lig van die erkenning van diversiteit word die eenheid van die een liggaam van Christus nie as enersheid van kerkstrukture geag nie. Die konsep van ’n “verenigde kerk in sending” moet as essensieel vir die uitvoering van die sendingopdrag beskou word. Hierdie opdrag moet in konteks met Christus se hoëpriesterlike gebed vir die behoud van die eenheid van die kerk (Joh. 17:11b, 21-23) tot praktyk kom. ’n Verenigde kerk-in-sending is essensieel in die lig van die feit dat die kerk se sendingwerk nooit tot ’n einde sal kom nie. Daar moet altyd nuwe perspektiewe ontwikkel word waarvolgens die sendingopdrag al hoe effektiewer in ooreenstemming met die Skrif uitgevoer kan word. Daar was ’n tyd toe geglo is dat dit slegs ’n kwessie van tyd is voordat die sendingtaak voltooi sou word. Vandag besef ons dat daar nooit ’n stadium bereik sal word waarin gesê sal kan word “mission completed!” nie.

Die waarde van ekumeniese sending is volgens Bosch (1992:466) ’n sending-in-eenheid, wat ons dwing om kant te kies teen die totstandkom van nuwe kerke vanuit en op grond van kerkverskeurdheid. Hy sê:

> This Protestant virus may no longer be tolerated as though it is the most natural thing in the world for a group of people to start their own church, which mirrors their own fears and suspicions, nurtures their prejudices, and makes them feel comfortable and relaxed.

Volgens Saayman (1980:144) het die kerk slegs een moontlike keuse: die kerk is óf vir eenheid en sending óf daarteen. Die twee aspekte is onlosmaaklik verbonde.

As gevolg van die erkenning van die konsep van diversiteit in ekumenisiteit, beteken ekumenisiteit in sending en sending in ekumenisiteit dat kerkgemeenskappe van verskillende tradisies na mekaar uitreik op grond van die essensie van die Christelike geloof: wat ons werklik in ons Verlosser, Jesus Christus, ontvang het en hoe ons dit in die wêreld bekend maak. Ekumenisiteit in sending en sending in ekumenisiteit maak die kerk bekend in die wêreld as die liggaam van Christus binne die parameters van eenheid, katolisiteit, apostolisiteit en heiligheid. Tegelykertyd word die taak van die kerk as die sin van die geskiedenis van die mensheid ook sodoende bekendgestel. Op hierdie wyse word die kerk in die uitvoering van God se raad in diens van die mensheid gestel, juis as ’n teken van die nuwe eenheid van ’n nuwe mensheid op ’n nuwe aarde. Hiertoe is ekumenisiteit en sending essensieel op mekaar betrokke as die hoogste vorm van diens aan die mensheid.

Hierdie taak van die kerk is reeds gegrond op die inklusiwiteit van Jesus se sending op aarde. Sy sendingbenadering het armes en rykes, verdrukte en verdrukker, sondaars en gelowiges omvat. Sy sendingbenadering het vervreemding teëgegaan, mure van vyandigheid afgebreek en grense tussen groepe en individue oorgesteek. In Jesus se optrede is die eerste saad van ware ekumenisiteit vir die kerk te vinde, die eerste voorbeeld van ’n nimmereindigende liefde wat die fondament van die eenheid van sy kerk is. Hieruit blyk dat ekumenisiteit ’n inklusiewe mag is wat kulture en gebruike, etos en oriëntasie betref, en slegs eksklusief is op die stewige grond van die merktekens van die kerk van Christus.

## 6. Uitkoms

Bosch (1992:465) stel dat ekumenisiteit slegs op die essensie van die geloof begrond moet word en dat die doelpunt daarvan nie meer gemeenskap (*fellowship*) sonder enige konflik is nie, maar gemeenskap wat gekenmerk word deur eenheid in versoende diversiteit. Daarom is die doel van hierdie artikel om ’n stewiger basis vir ekumenisiteit te beklemtoon, naamlik die kerk se wesenseienskappe as ’n raamwerk binne die begrensing van die kerk se merktekens. Binne hierdie raamwerk kan die ideaal van ekumenisiteit in die sending, naamlik die wêreldwye eenheid van die kerk, met behoud van diversiteit in kultuur, gebruike en kerklike etos, in die lig van God se selfopenbaring as die Een wat die wêreld

liefhet (*Missio Dei*), verwesenlik word. Die *eenheid* van die kerk kan in sending vanweë die *katolisiteit*, begrond in die *apostolisiteit* en gerig op die *heiligheid* van die kerk bewaar en uitgebou word.

Die Skrifgefundeerde ekumeniese benadering wat in hierdie artikel ondersoek is, stel 'n raamwerk waarbinne eerder gefokus word op samewerking in sendingwerk as op kerklike verskille. Dié benadering maak binne die raamwerk van die wesenseienskappe van die wêreldwye kerk van Christus voorsiening vir die behoud van die diversiteit in kultuur en etos binne die begrensing van hoe die kerk behoort te wees om sy roeping as kerk van die Here na te kom. In die opkomende ekumeniese fase van die geskiedenis van die Christendom sal die klem eerder op verenigende as verdelende aspekte val. Kerkeenheid kan slegs verkry en behou word binne die raamwerk van die wesenseienskappe van die kerk, soos wat dit begrens is deur die merktekens van die kerk van Christus.

## 7. Beoordeling

- Ekumenisiteit moet beoefen word met die volgende doel: die *eenheid* van die wêreldwye kerk van Christus, vanweë die moontlikheid (en bemoontliking) van die *katolisiteit* van die kerk, begrond op die *apostolisiteit* en gerig op die *heiligheid* van die kerk beoefen word.
- Dié wesenseienskappe van die kerk skep 'n breë raamwerk waarbinne Skrifbegronde ekumene nie slegs 'n moontlikheid is nie, maar 'n opdrag.
- Die opdrag om God se betrokkenheid in en met die wêreld aan die wêreld bekend te maak – terwille van Hom en sy doel met die wêreld, moet binne die groot motief van die *missio Dei* uitgevoer word.
- Ekumenisiteit in sending en sending in ekumenisiteit laat die klem eerder op verenigende as verdelende aspekte val. Die belangrike rigtingpyler is dat ekumenisiteit binne die raamwerk van die wesenseienskappe van die kerk beoefen moet word om die kerk nie slegs in 'n sosiale kontrak te laat verval nie.
- Teenoor die vroeëre benadering waarin ekumenisiteit in sending grootliks op die (ontwykende) bereiking van konsensus in leerstellings gefundeer was, met 'n *ignorering* van die wêreld, kom 'n *omgee* vir die wêreld, as God se werksplek onder mense, al hoe meer na vore.

- Ekumenisiteit in sending skep 'n raamwerk van eenheid wat diversiteit behou en diversiteit wat na eenheid strewe.
- Hoewel die erkenning van diversiteit die eenheid van die kerk nie noodwendig met enersheid van kerkstrukture wil laat identifiseer nie, moet die konsep van 'n "verenigde kerk in sending" as essensieel vir die uitvoering van die sendingopdrag in konteks met Christus se hoëpriesterlike gebed, om behoud van die eenheid van die kerk, gesien word.
- Ekumenisiteit bied 'n raamwerk vir kerkgemeenskappe van verskillende tradisies om, met behoud van die erkenning van die konsep van diversiteit, na mekaar uit te reik en in die sending saam te werk.
- Ekumeniese samewerking in die sending is moontlik op grond van die essensie van die Christelike geloof – dit wat ons werklik in ons Verlosser, Jesus Christus ontvang het en hoe ons dit in die wêreld bekend maak.
- Die verste grens waarbinne kerkeenheid as die doelpunt van ekumenisiteit, ook in die sending, verkry en behou kan word, is die merktekens van die kerk van Christus.

## Geraadpleegde bronne


BALKE, W. 1990. De eigenschappen van de Kerk. (*In* Van't Spijker, W. *et al.*, *reds.* De Kerk. Kampen: De Groot. p. 259-282.)

BARTH, K. 1945. Die kirchliche Dogmatik. Teil 1V, Dl. 2. Zürich: Zollikon.

BAVINCK, J.H. 1960. An introduction to the science of missions. Philadelphia: Presbyterian & Reformed Publishing.

BERKHOF, H. 1962. De katholiciteit der kerk. Nijkerk: Callenbach.

BERKOUWER, G.C. 1976. The church. Grand Rapids: Eerdmans.

BOSCH, D. J. 1992. Transforming mission: paradigm shifts in theology of mission. Maryknoll: Orbis Books.

BRONKHORST, A.J. 1960. Oecumene, oecumenish. (*In* Grosheide, F.W. & Van Itterzon, G.P., *reds*. *Christelijke encyclopedie*, V. 2de hers. dr. Kampen: Kok. p. 243.)

CALVYN, J. 1972. Uitlegging op den eersten en tweeden zendbrief van Paulus aan de Corinthiërs. 2de dl. Vertaal deur A.M. Donner. Kampen: De Groot.

CALVYN, J. 1992 [1559]. Institusie van die Christelike godsdiens. Potchefstroom: CJBF.

DAECKE, S.M. 1988; Glaube im Pluralismus: gibt es eine postmoderne Theologie? *Evangelische Kommentare*, 21:629-632.

DU PLOOY, A. le R. 1982. Kerkverband: 'n Gereformeerd-kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefskrif.)

GROSHEIDE, F.W. 1954. Het heilig evangelie volgens Mattheus. (*In* Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.)

HEYNS, J.A. 1977. Die kerk. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

KÜNG, H. 1978. The church. London: Search Press.
KÜNG, H. 1987. Theologie in Aufbruch: Eine ökumenische Grundlegung. Münich: Piper.
MARGULL, H.J. 1963. Zur Sendung der Kirche – material der ökumenischen Bewegung. München: Christliche Kaiser Verlag.
MOLTMANN, J. 1977. The church in the power of the Spirit. London: SCM.
MŐRSDORF, K. 1964. Lehrbuch des Kirchenrechts: auf Grund des Codex Iuris Canonici. 11. verb. Dr. München: Schöningh.
NEWBIGIN, L. 1976-1977. Mission and missions. *The Expository Times*, 88:260-261.
NGB. 2001. Die Nederlandse Geloofsbelydenis. (*In* Psalmboek. Wellington: NG Kerk-Uitgewers.)
NIJENHUIS, W. 1959. Calvinus Oecumenicus – Calvijn en de eenheid der kerk in het licht van zijn briefwisseling. 's-Gravenhage: Nijhoff.
PELSER, P.J. 1976. Die roeping tot sigbaarmaking van die katolisiteit van die Kerk. Potchefstroom: PU vir CHO. (Th.D.-proefsrif.)
PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvijn. Kampen: Kok.
POP, F.J. 1965. De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs. (*In* De prediking van het Nieuwe Testament. Nijkerk: Callenbach.)
RIDDERBOS, H. 1959. Aan de Romeine. (*In* Commentaar op het Nieuwe Testament. Kampen: Kok.)
ROSENKRANZ, G. 1977. Die christliche Mission: Geschichte und Theologie. Münich: Chr. Kaiser Verlag.
SAAYMAN, W.A. 1980. Unity and Mission – a study of the concept of unity in ecumenical discussions since 1961 and its influence on the world mission of the church. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch. (D.Th.-dissertation.)
SCHALEKAMP, M.E. 2005. Missiones Ecclesiae: 'n missionêre visie en strategie in gemeentebou ten opsigte van multikulturele kerkplanting. Potchefstroom: Noordwes-Universiteit. (Th.D.-proefskrif.)
SNYMAN, W.J. 1977. Nuwe en ou dinge. Potchefstroom: Pro Rege.
VAN GENDEREN, J. 1990. De kernmerken van de kerk. (*In* Van't spijker, W. *et al.*, *reds.* De kerk. Kampen: De Groot. p. 283-297.)
VAN OORT, J. 1990. Augustinus over de kerk. (*In* Van't Spijker, W. *et al.*, *reds*. *De Kerk.* Kampen: De Groot. p.65-94.)
VAN'T SPIJKER, W. 1970. De ambten bij Martin Bucer. Kampen: Kok.
WEST, C.C. 1971. The power to be human: toward a secular theology. New York: Macmillan.

## Kernbegrippe:

apostolisiteit
ekumenisiteit
katolisiteit
kerk: eenheid van die; wesenseienskappe van; merktekens van; heiligheid van

**Key concepts:**

apostolicity
catholicity
church: unity of the; core characteristics of, marks of; sanctity of
ecumenicism